# 7 Maart 2024 - Lesing 255 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

God is die Liefde **–** 19/1/62

**NO: 8082** Uit die krag van God se Liefde het alles ontstaan. Hy is Self die Oerbron van die krag, Sy oerbestanddeel is Liefde - **Hyself is dus die Liefde**. En tog is Hy 'n Wese wat werk en skep na wyse goeddunke. Hy is een Wese wat Sy gedagtes realiseer, **wat onophoudelik nuwe skeppings laat ontstaan**, wat die krag van Sy Liefde in die oneindigheid uitstraal, maar dat Hy steeds Sy doel verwesenlik, deur nie willekeurig werksaam te wees nie, inteendeel **deur die Wysheid en Mag van God** gelei te word in Haar werking.

**God is die Liefde**. Hierdie uitspraak sal julle mense nie begryp, solank as wat julle nie die wese van die liefde sal kan deurgrond nie, wat 'n liefdesomvorming van julleself vereis. Want altyd sal julle die liefde sien as 'n eienskap wat julle aan die hoogste en volmaakste Wese kan toeken.

Dat die Wese egter Self die Liefde is, sal vir julle onbegryplik bly, solank as wat julle as mens oor die aarde gaan.

En julle almal het uit hierdie Liefde voortgekom, julle is uitgestraalde krag. Julle is in julle oorspronklike hoedanigheid self liefde, maar ook wesens wat kan dink en wil, - wat bewyse is van 'n werklike bestaande wese.

Daarom is daar niks wat sonder 'n bepaalde plan ontstaan het en nog sal ontstaan nie. Alles is vol wysheid oorweeg, **alles is gedagtes** van 'n hoogs volmaakte Wese, wat julle mense "God" noem.

En hierdie Wese vermenigvuldig Homself. Hy laat dieselfde wesens uit Homself ontstaan. **Hy straal die krag van Sy Liefde uit en gee Haar vorme**. Hy skep. Alles wat God geskape het is en bly in sy oersubstansie liefde. Sy is en bly 'n krag, **wat werksaam moet word** volgens Goddelike Wil.

Word Sy egter gehinder in Haar werksaamheid, dan word die Goddelike orde omvêrgewerp. Die beginsel van die liefde word verander in die teendeel. Teen die Wese wat in Homself Liefde, Wysheid en Mag, dus God is, word verset gebied, wat wel kan gebeur van die kant van die wesens wat Hy in die lewe geroep het, omdat Hy hulle ook met 'n vrye wil toegerus het as Sy ewebeelde.

Maar dan tree die wese uit sy wetlike orde, hy verander homself in die teendeel. Hy bestaan wel, **maar laat die krag van die liefde nie meer werksaam word nie en dit beteken verstarring.** Dit beteken onbeweeglikheid, **dit beteken die dood** van diegene wat eens as "lewe" vanuit God uitgestraal was.

Die mens is in sy oersubstansie liefde, maar meestal **verset** hy hom nog teen Diegene Wie hom as 'n wese uitgestraal het. En daarom besef hy ook nie wat liefde eintlik is nie. Daarom is die Wese van God vir hom ook onbegryplik, Wie die Liefde Self is. **Want die Liefde is ook gelyktydig Lig,** wat die mens ewenwel nog weinig verlig solank sy liefde swak is.

Hy kan God daarom ook nie herken in Sy Wese nie, hy kan slegs glo wat aan hom daaroor meegedeel word. Maar sodra sulke mededelinge ooreenstem met die waarheid, sal Sy hom ook lig gee, want dan sal hy sy bes doen om sy wese tot liefde te verander en hy sal homself ook tot die Wese wend wat uitermate volmaak is en wat hy nou begin te herken as "ewige Liefde".

**Maar nooit sal hy in staat wees om die Wese van God te deurgrond nie**, want Hy is die **Kragsentrum** van ewigheid, terwyl alle geskape wesens **kragvonke** is, wat uitgestraal word, maar wie in hul nietigheid nooit die Oervuur sou kan aanskou sonder om te vergaan nie.

Die Liefde, Wysheid en Mag van 'n God wat werklik bestaan, sal ook die mens op aarde al kan besef wanneer sy wil goed is en hy sy hart sal open vir die hernieude aanstraling van Liefde van die Wese uit Wie hy eens uitgegaan het. **Want hierdie hoogs volmaakte Wese openbaar Homself aan Sy skepsels**.

En dit is die grootste bewys van Liefde van Hom, Wie Self die Liefde is, dat Hy Homself bekendmaak, dat Hy die wesens wat deur Hom geskape is, uitsluitsel gee oor Homself in soverre hulle in staat is om dit te begryp en dat Hy daardeur die Liefde weer wil laat ontbrand sodat hulle weer werksaam kan word beantwoordend aan die Oerelement - sodat Sy skepsele weer die ewige orde kan binnegaan om volgens hul bestemming te kan skep en werk soos wat dit was in die allereerste begin. Amein.